| WFTB 448/86 | Groblersdalse Hospitaal: Stoomoutoklawe/Groblersdal Hospital: Steam autoclave. Item 32/2/6/035/001                                                                                                                                                                                                 | 28/11/1986                     |
| WFTB 449/86 | Witbankse Hospitaal: Stoomoutoklawe/Witbank Hospital: Steam autoclaves. Item 32/2/5/109/002                                                                                                                                                                                                        | 28/11/1986                     |
| WFTB 450/86 | Wolmaransstadse Provinsiale Wassery: Stoom en kondensaas/Wolmaransstad Provincial Laundry: Steam and condensate. Item 32/4/6/113/001                                                                                                                                                               | 28/11/1986                     |
| WFTB 451/86 | Laerskool Boerefort, Pretoria: Aanbouings en veranderings/Additions and alterations. Item 11/5/6/139/01                                                                                                                                                                                            | 28/11/1986                     |
| WFTB 452/86 | Duiwelskloofse Hospitaal, Tzaneen: Aanbou van twee sale en 'n kindersaal/Duiwelskloof Hospital, Tzaneen: Erection of two wards and a children's ward. Item 12/1/4/023/001                                                                                                                          | 28/11/1986                     |
| WFTB 453/86 | Pretoria-Wes-hospitaal: Aanbou van kantoor, toilet, gifstof-, kunsmis- en gereedskappakkamers asook af-dakke vir trekkers/Pretoria West Hospital: Erection of office, toilet, toxin, fertiliser and implement stores as well as sheds for tractors. Item 12/5/4/171/001 en/and Item 12/5/5/171/002 | 28/11/1986                     |
| WFTB 454/86 | Sunnyside Primary School, Pretoria: Nuwe sportkleedkamers en pakkamers/New sports change-rooms and stores. Item 11/5/5/1603/01                                                                                                                                                                     | 28/11/1986                     |

| Tender No |        | Beskrywing van Tender<br>Description of Tender                                                                                                             | Sluitingsdatum<br>Closing Date |
|-----------|--------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------|
| WFTB      | 455/86 | Tembisa-hospitaal, Olifantsfontein: Installasie van lugversorging/Tembisa Hospital, Olifantsfontein: Installation of air-conditioning. Item 32/5/6/091/002 | 28/11/1986                     |
| WFTB      | 456/86 | Standertonse Hospitaal: Sentrale verwarming in verpleegsterstehuis/Standerton Hospital: Central heating in nurses' home. Item 32/3/5/087/003               | 28/11/1986                     |
| WFTB      | 457/86 | Spesiale Skool Jim van Tonder, Bethal: Opknapping/Jim van Tonder Special School, Bethal: Renovation. Item 31/3/4/0106/01                                   | 28/11/1986                     |
| WFTB      | 458/86 | Laerskool Krugersdorp-Oos: Opknapping/Renovation. Item 31/7/6/0868/01                                                                                      | 28/11/1986                     |
| WFTB      | 459/86 | Cliffview Primary School, Johannesburg: Opknapping/Renovation. Item 31/7/6/2142/01                                                                         | 28/11/1986                     |
| WFTB      | 460/86 | Laerskool Randburg: Opknapping/Renovation. Item 31/7/6/1951/01                                                                                             | 28/11/1986                     |
| WFTB      | 461/86 | Ellisras-hospitaal: Stilroepstelsel/Ellisras Hospital: Silent-call system. Item 2001/8206                                                                  | 28/11/1986                     |
| WFTB      | 462/86 | Edenvalese Algemene Hospitaal, Sale 5, 7 en 9: Stilroepstelsel/Edenvale General Hospital, Wards 5, 7 and 9: Silent-call system. Item 02/6/6/026/002        | 28/11/1986                     |
| WFTB      | 463/86 | Laerskool Onverwacht, Ellisras: Oorplasing van ses mobiele klaskamers/Transfer of six mobile class-rooms                                                   | 28/11/1986                     |
| WFTB      | 463/86 | Hoërskool Pietersburg: Oorplasing van vier mobiele klaskamers/Transfer of four mobile class-rooms. Item 10/1/6/6892/01                                     | 28/11/1986                     |

# BELANGRIKE OPMERKINGS IN VERBAND MET TENDERS

1. Die betrokke tenderdokumente, met inbegrip van die amptelike tendervorms van die Administrasie, is op aanvraag by die onderstaande adresse verkrygbaar. Sodanige dokumente as mede enige tender kontrakvoorwaardes wat nie in die tenderdokumente opgeneem is nie, is ook by die genoemde adres vir inspeksie verkrygbaar:

| Tender verwysing      | Posadres te Pretoria                                          | Kantoor in Nuwe Provinsiale Gebou, Pretoria |                |            |                      |
|-----------------------|---------------------------------------------------------------|---------------------------------------------|----------------|------------|----------------------|
|                       |                                                               | Kamer No.                                   | Blok           | Verdieping | Foon Pretoria        |
| HA 1 & HA 2           | Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221.              | A900                                        | A              | 9          | 201-2654             |
| HB en HC              | Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221.              | A1019                                       | A              | 8          | 201-4323             |
| HD                    | Direkteur van Hospitaaldienste, Privaatsak X221.              | A1023                                       | A              | 8          | 201-2751             |
| PFT                   | Provinsiale Sekretaris (Aankope en Voorrade), Privaatsak X64. | A1020                                       | A              | 10         | 201-2441             |
| RFT                   | Direkteur Transvaalse Paaidepartement, Privaatsak X197.       | D307                                        | D              | 3          | 201-2530             |
| TOD 1-100<br>TOD 100- | Direkteur, Transvaalse Onderwysdepartement, Privaatsak X76.   | 633<br>633                                  | Sentrakorgebou |            | 201-4218<br>201-4218 |
| WFT                   | Direkteur, Transvaalse Werkedepartement, Privaatsak X228.     | CM 5                                        | C              | M          | 201-3254<br>201-2269 |
| WFTB                  | Direkteur, Transvaalse Werkedepartement, Privaatsak X228.     | E103                                        | E              | 1          | 201-2306             |

2. Die Administrasie is nie daartoe verplig om die laagste of enige tender aan te neem nie en behou hom die reg voor om 'n gedeelte van 'n tender aan te neem.

3. Alle tenders moet op die amptelike tendervorm van die Administrasie voorgelê word.

4. Iedere inskrywing moet in 'n afsonderlike verseëde kovert ingedien word, geadresseer aan die Voorsitter, Die Transvaalse Provinsiale Tenderraad, Posbus 1040, Pretoria, en moet duidelik van die opskrif voorsien wees ten einde die tenderaar se naam en adres aan te toon, asook die nommer, beskrywing en sluitingsdatum van die tender. Inskrywings moet teen 11h00 op die sluitingsdatum hierbo aangegeen, in die Voorsitter se hande wees.

5. Indien inskrywings per hand ingedien word, moet hulle teen 11h00 op die sluitingsdatum in die Formele Tenderbus geplaas wees by die navraagkantoor in die voorportaal van die nuwe Provinsiale Gebou by die hoofingang aan Pretoriusstraat se kant (naby die hoek van Bosmanstraat), Pretoria.

J.F. Viljoen Voorsitter, Transvaalse Provinsiale Tenderraad.

5 November 1986

# IMPORTANT NOTICES IN CONNECTION WITH TENDERS

1. The relative tender documents including the Administration's official tender forms, are obtainable on application from the relative address indicated below. Such documents and any tender contract conditions not embodied in the tender documents are also available for inspection at the said address:

| Tender Ref            | Postal address Pretoria                                         | Office in New Provincial Building, Pretoria |                    |       |                      |
|-----------------------|-----------------------------------------------------------------|---------------------------------------------|--------------------|-------|----------------------|
|                       |                                                                 | Room No.                                    | Block              | Floor | Phone Pretoria       |
| HA 1 & HA 2           | Director of Hospital Services, Private Bag X221.                | A900                                        | A                  | 9     | 201-2654             |
| HB and HC             | Director of Hospital Services, Private Bag X221.                | A1019                                       | A                  | 8     | 201-4323             |
| HD                    | Director of Hospital Services, Private Bag X221.                | A1023                                       | A                  | 8     | 201-2751             |
| PFT                   | Provincial Secretary (Purchases and Supplies), Private Bag X64. | A1020                                       | A                  | 10    | 201-2441             |
| RFT                   | Director, Transvaal Roads Department, Private Bag X197.         | D307                                        | D                  | 3     | 201-2530             |
| TED 1-100<br>TED 100- | Director, Transvaal Education Department, Private Bag X76.      | 633<br>633                                  | Sentrakor Building |       | 201-4218<br>201-4218 |
| WFT                   | Director, Transvaal Department of Works, Private Bag X228.      | CM5                                         | C                  | M     | 201-3254<br>201-2269 |
| WFTB                  | Director, Transvaal Department of Works, Private Bag X228.      | E103                                        | E                  | 1     | 201-2306             |

2. The Administration is not bound to accept the lowest or any tender and reserves the right to accept a portion of a tender.

3. All tenders must be submitted on the Administration's official tender forms.

4. Each tender must be submitted in a separate sealed envelope addressed to the Chairman, Transvaal Provincial Tender Board, PO Box 1040, Pretoria, and must be clearly superscribed to show the tenderer's name and address, as well as the number, description and closing date of the tender. Tenders must be in the hands of the Chairman by 11h00 on the closing date indicated above.

5. If tenders are delivered by hand, they must be deposited in the Formal tender Box at the Enquiry Office in the foyer of the New Provincial Building at the Pretorius Street main entrance (near Bosman Street corner), Pretoria, by 11h00 on the closing date.

J.F. Viljoen, Chairman, Transvaal Provincial Tender Board.

5 November 1986

# Plaaslike Bestuurskennisgewings

## Notices by Local Authorities

### STAD GERMISTON

#### VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE GERMISTONSE DORPSBEPLANNING-SKEMA

Die Stadsraad van Germiston het 'n wysigingsontwerpdorpsbeplanningskema opgestel wat die Dorpsbeplanningskema sal wysig.

Hierdie ontwerp-skema bevat die volgende voorstel:

Die wysiging van die gebruiksindeeling van Erwe 335 en 343 dorp Primrose van "Residentieel" na "Munisipale" doeleindes.

Besonderhede en planne van hierdie skema lê ter insae by die Burgersentrum, Crossstraat, Germiston, gedurende gewone kantoorure vir 'n tydperk van (4) weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 29 Oktober 1986.

Die Raad sal dié skema oorweeg en besluit of dit aangeneem moet word al dan nie.

Enige eienaar of okkupeerder van vaste eiendom binne die gebied van die Germistonse Dorpsbeplanningskema of binne 2 km van die grens daarvan het die reg om teen die skema beswaar te maak of om vertoë ten opsigte daarvan te rig en indien hy dit wil doen, moet hy die Raad binne vier (4) weke van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 29 Oktober 1986 skriftelik van sodanige beswaar of vertoë in kennis stel en vermeld of hy deur die Raad gehoor wil word al dan nie.

A W HEYNEKE  
Stadsekretaris

Burgersentrum  
Germiston  
(15/1/1986)

### CITY OF GERMISTON

#### PROPOSED AMENDMENT OF THE GERMISTON TOWN-PLANNING SCHEME

The City Council of Germiston has prepared a draft amendment Town-planning Scheme which will amend the Germiston Town-planning Scheme.

The draft scheme contains the following proposal:

The Amendment of the use zoning of Erven 335 and 343 Primrose Township from "Residential 1" to "Municipal" purposes.

Particulars and plans of this scheme are open for inspection at the Civic Centre, Cross Street, Germiston, during normal office hours, for a period of four (4) weeks from the date of the first publication of this notice, which is 29 October 1986.

The Council will consider whether or not the scheme should be adopted.

Any owner or occupier of immovable property within the area of the Germiston Town-Planning Scheme or within 2 km of the boundary thereof has the right to object to the scheme or to make representations in respect thereof and if he wishes to do so he shall, within four (4) weeks of the first publication of this notice, which is 29 October 1986 inform the Council in writing of such objection or representation and shall state

whether or not he wishes to be heard by the Council.

A W HEYNEKE  
Town Secretary

Civic Centre  
Germiston  
(15/1/1986)

1824-29-5

### STAD JOHANNESBURG

#### VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE JOHANNESBURGSE DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1979 (WYSIGINGSKEMA 1730)

Kennis word hiermee gegee ingevolge die bepalings van artikel 26 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat die Stadsraad van Johannesburg 'n ontwerp-dorpsbeplanningskema opgestel het wat as die Johannesburgse Wysigingskema 1730 bekend sal staan.

Hierdie skema is 'n wysigingskema en dit bevat die volgende voorstel:

Om Gedeelte 106 van erf 1952, Malvern, van Openbare Oop Ruimte na Inrigting te hersoeneer.

Die uitwerking van hierdie skema is om die bestaan van kerkgeboue op die terrein toe te laat.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae in kamer 773, sewende verdieping, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, vir 'n tydperk van vier weke vanaf die datum waarop hierdie kennisgewing die eerste keer verskyn, naamlik 29 Oktober 1986.

Enige beswaar of vertoë in verband met hierdie skema moet skriftelik gerig word aan die Stadsklerk, Posbus 1049, Johannesburg, 2000, binne 'n tydperk van vier weke vanaf die bogenoemde datum.

L.P. HOLGATE  
Waarnemende Stadsekretaris

Burgersentrum  
Braamfontein  
JOHANNESBURG  
29 Oktober 1986

### CITY OF JOHANNESBURG

#### PROPOSED AMENDMENT TO JOHANNESBURG TOWN-PLANNING SCHEME, 1979 (AMENDMENT SCHEME 1730)

Notice is hereby given in terms of section 26 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the City Council of Johannesburg has prepared a draft town planning scheme, to be known as Johannesburg Amendment Scheme 1730.

This scheme will be an Amendment Scheme and contains the following proposal:

To rezone Portion 106 of Erf 1952 Malvern Township, from Public Open Space to Institutional.

The effect is to permit the existence of the church buildings thereon.

Particulars of this scheme are open for inspection at Room 773, Seventh Floor, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice, which is 29 October 1986.

Any objection or representations in connection with this scheme shall be submitted in writing to the Town Clerk, P.O. Box 1049, Johannesburg 2000, within a period of four weeks from the abovementioned date.

L.P. HOLGATE  
Acting City Secretary

Civic Centre  
Braamfontein  
JOHANNESBURG  
29 October 1986

1825-29-5

### STADSRAAD VAN SANDTON

#### SANDTON WYSIGINGSKEMA 1042

Die Stadsraad van Sandton het 'n ontwerp-dorpsbeplanningskema opgestel wat bekend sal staan as Sandton Wysigingskema 1042.

Hierdie skema sal 'n wysigingskema wees en bevat die volgende voorstelle:

Die gebruiksonering van 'n deel van 10de Straat Marlboro dorp van "Bestaande Openbare Pad" na "Kommersieel".

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae te kantoor 210 Burgersentrum, Rivoniaweg, Sandown, Sandton, vir 'n tydperk van vier weke van die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing af, naamlik 29 Oktober 1986.

Enige beswaar of vertoë in verband met hierdie skema moet skriftelik aan die Stadsraad van Sandton binne 'n tydperk van vier weke van bogenoemde datum af voorgelê word.

P P DE JAGER  
Stadsklerk

Posbus 78001  
SANDTON  
2146  
29 Oktober 1986

### TOWN COUNCIL OF SANDTON

#### SANDTON AMENDMENT SCHEME 1042

The Town Council of Sandton has prepared a draft town-planning scheme to be known as Sandton Amendment Scheme 1042.

The scheme will be an amendment scheme and contains the following proposals:

The use zoning of a portion of Tenth Street Marlboro Township from "Existing Public Roads" to "Commercial."

Particulars of this scheme are open for inspection at Room 210, Civic Centre, Rivonia Road, Sandown, Sandton, for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice which is 29 October 1986.

Any objection or representations in connection with this scheme shall be submitted in writing to the Town Clerk, P.O. Box 1049, Johannesburg 2000, within a period of four weeks from the abovementioned date.

tion with this scheme shall be submitted in writing to the Town Council of Sandton within a period of four weeks from the abovementioned date.

P P DE JAGER  
Town Clerk

P O Box 78001  
SANDTON  
2146  
29 October 1986

1845-29-5

## STADSRAAD VAN SPRINGS

### PROKLAMERING VAN 'N PAD IN DIE NYWERHEIDSDORP NEW ERA

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 5 van die "Local Authorities Roads Ordinance" nr. 44 van 1904, soos gewysig, dat die Stadsraad van Springs 'n versoekskrif tot die Administrateur gerig het om die pad en draaisirkel wat in die bylae hiervan omskryf word en gedefinieer word deur die diagramme S.G. 7716/86 en 7717/86 onderskeidelik, wat deur Landmeter S. de Bod opgestel is van opmetings wat in Junie 1985 en Julie 1986 gedoen is, as 'n openbare pad te verklaar.

'n Afskrif van die versoekskrif en diagramme lê ter insae by die kantoor van die ondergetekende tydens gewone kantoorure.

Enige belanghebbende persoon wat 'n beswaar teen die proklamerings van die voorgestelde paaie het, moet sodanige beswaar skriftelik in tweevoud by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Private Bag X437, Pretoria, 0001 en die ondergetekende indien, nie later nie as 10 Desember 1986.

J VENTER  
Stadsekretaris

Burgersentrum  
Springs  
(Kennisgewing nr. 107/1986)

### BYLAE BESKRYWING VAN PAD

'n Pad oor die Restant van gedeelte 1 van erf 171, New Era wat in 'n oos-wes rigting strek en 'n draaisirkel oor erf 175, New Era aan die westelike punt van die genoemde pad.

## TOWN COUNCIL OF SPRINGS

### PROCLAMATION OF ROAD IN NEW ERA INDUSTRIAL TOWNSHIP

Notice is hereby given in terms of Section 5 of the Local Authorities Roads Ordinance No. 44 of 1904, as amended, that the Town Council of Springs has petitioned the Administrator to proclaim as a public road the road and turning circle as described in the schedule hereto and defined by diagram nos. S.G. 7716/86 and 7717/86 respectively, framed by Land Surveyor S. de Bod from a survey performed during June 1985 and July 1986.

A copy of the petition and diagrams can be inspected during ordinary office hours at the office of the undersigned.

Any interested person who wishes to lodge any objection to the proclamation of the proposed road, must lodge his objection in writing in duplicate with the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria 0001 and the undersigned not later than 10 December 1986.

J VENTER  
Town Secretary

Civic Centre  
Springs  
(Notice No. 107/1986)

## SCHEDULE

### DESCRIPTION OF ROAD

A road over the Remainder of portion 1 of erf 171, New Era, running in an east-west direction and turning circle over erf 175, New Era at the western end of the said road.

1850-29-5-72

## DORPSRAAD WATERVAL BOVEN

### BRANDWEER: VERHOOGING VAN HEFFINGS

Die Dorpsraad van Waterval Boven is van voorneme om die Administrateur te versoek om die Raad se heffings vir brandweerdienste te wysig ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939).

Die strekking van hierdie wysiging is die verhoging van die tarief van gelde.

Hierdie wysiging lê ter insae by die Munisipale Kantore en enige persoon wat beswaar wens aan te teken moet dit skriftelik doen binne 14 dae vanaf datum van publikasie.

A J SNYMAN  
Stadsklerk

Dorpsraad  
Private Bag X05  
Waterval Boven  
1195  
29 Oktober 1986

## VILLAGE COUNCIL WATERVAL BOVEN

### FIRE BRIGADE SERVICES: CHARGES

Notice is hereby given that the Village Council of Waterval Boven intends to request the Administrator to amend the Council's Fire Brigade By-laws in terms of the provisions made under section 96 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939).

The general purpose of this amendment is the increase of the tariff of charges.

Copies of this amendment is open for inspection at the Municipal Offices and any person who desires to object against this amendment shall do so in writing within 14 days of this publication.

A J SNYMAN  
Town Clerk

Village Council  
Private Bag X05  
Waterval Boven  
1195  
29 October 1986

1855-29-5

## DORPSRAAD WATERVAL BOVEN

### NIE-BLANKE KLINIEK: HEFFING

Die Dorpsraad van Waterval Boven is van voorneme om die heffing vir bevalings by sy Nie-blanke kliniek te verhoog. Hierdie verhoging sal van toepassing gemaak word met ingang van 1 November 1986.

Afskrifte van hierdie kennisgewing lê ter insae by die Munisipale Kantore en enige persoon wat beswaar teen hierdie verhoging wens aan te te-

ken moet dit skriftelik doen binne 14 dae na datum van hierdie kennisgewing.

A J SNYMAN  
Stadsklerk

Dorpsraad  
Private Bag X05  
Waterval Boven  
1195  
29 Oktober 1986

## VILLAGE COUNCIL WATERVAL BOVEN

### NON-WHITE CLINIC: LEVIES

The Village Council of Waterval Boven intends to increase the levies of confinements applicable to the non-white clinic with effect from 1 November 1986.

Copies of this notice is open for inspection at the Municipal Offices and any person who desires to object against this increase shall do so in writing within 14 days of date of this notice.

A J SNYMAN  
Town Clerk

Village Council  
Private Bag X05  
Waterval Boven  
1195

1856-29-5

## STADSRAAD VAN AKASIA

### WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE VOORSIENING VAN RIOLERINGSDIENSTE

Ingevolge artikel 80 B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Akasia by spesiale besluit, die Vasstelling van Gelde vir die Voorsiening van Rioleringsdienste, gepubliseer in Provinsiale Koerant 3877 van 16 Oktober 1985, met ingang 1 Julie 1986 gewysig het, deur Deel II soos volg te wysig.

1. Deur paragraaf (a) van item 2(1) deur die volgende te vervang:

"(a) Rosslyn en Rosslyn Uitbreidings, asook The Orchards, Erwe 1 tot 12, per hektaar, per jaar: R1 500."

2. Deur paragraaf (a) van item 2(3) deur die volgende te vervang:

"(a) 14,5 + 0,286 x P.W. sent per kℓ met 'n minimum van R18,00 per maand."

J S DU PREEZ  
Stadsklerk

Munisipale Kantore  
Posbus 911-026  
ROSSLYN  
0200

Kennisgewingsnommer: 41/1986  
Datum van advertensie: 5 November 1986

## TOWN COUNCIL OF AKASIA

### AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF DRAINAGE SERVICES

In terms of section 80 B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Akasia has, by special resolution, amended the Determination of Charges for the Supply of Drainage Services, published in Provincial Gazette 3877, dated 16

October 1985, with effect from 1 July 1986, by amending Part II as follows:

1. By the substitution for paragraph (a) of item 2(1) of the following:

"(a) Rosslyn and Rosslyn Extensions, as well as The Orchards, Erven 1 to 12, per ha, per year: R1 500."

2 By the substitution for paragraph (a) of item 2(3) of the following.

"(a) 14,5 + 0,286 x P.V. cent per kℓ with a minimum charge of R18 per month."

J S DU PREEZ  
Town Clerk

Municipal Offices  
PO Box 911 — 026  
ROSSLYN  
0200

Notice Number: 41/86  
Date: 5 November 1986

1857-5

## STADSRAAD VAN AKASIA

### WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE VOORSIENING VAN WATER

Ingevolge die bepalings van artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Akasia, by Spesiale Besluit, die Gelde vir die Voorsiening van Water, gepubliseer in Provinsiale Koerant 3877 van 16 Oktober 1985, gewysig het vanaf die Julie 1986-rekenings, deur deel III deur die volgende te vervang:

#### "DEEL III

#### WATEROORSIENING

##### 1. Vaste heffing, per jaar

'n Vaste heffing word gevorder ten opsigte van die volgende

(a) 24 ha van die Suid-Afrikaanse Brouerye: R323 319

(b) Elke plaasgedeelte wat by die hoofwaterpyp aangesluit is:

48c per 100 m<sup>2</sup> van die plase wat aangesluit is tot 'n maksimum van 3 000 m<sup>2</sup> per plaasgedeelte.

##### 2. Basiese heffing, per jaar

(a) 'n Basiese heffing word gevorder ten opsigte van elke landbouhoeve wat aangesluit is of na mening van die Raad by die hoofwaterpyp aangesluit kan word, of water verbruik word al dan nie:

48c per 100 m<sup>2</sup> van die grondoppervlakte per maand tot 'n maksimum van 3 000 m<sup>2</sup> van persele wat kan aansluit by die skema.

(b) 'n Basiese heffing word gevorder ten opsigte van alle erwe, uitgesonderd erwe in Rosslyn, Rosslyn Uitbreidings en The Orchards Erwe 1 — 12 wat aangesluit is of na die mening van die Raad by die hoofwaterpyp aangesluit kan word, of water verbruik word al dan nie:

48c per 100 m<sup>2</sup> van die grondoppervlakte per maand tot 'n maksimum van 3 000 m<sup>2</sup> van persele wat kan aansluit by die skema.

(c) Rosslyn, Rosslyn Uitbreidings 1 en 2 (uitgesluit die 24 ha van SA Brouerye):

'n Basiese heffing word gevorder ten opsigte van elke erf wat aangesluit is, of na die mening van die Raad by die hoofwaterpyp aangesluit kan word, of water verbruik word al dan nie, per ha: R1 080.

(d) 'n Basiese heffing word gevorder ten opsigte van besighede en woonstelpersone wat aangesluit is of na die mening van die Raad by die

hoofwaterpyp aangesluit kan word, of water verbruik word al dan nie:

48c per 100 m<sup>2</sup> van die grondoppervlakte per maand. (Geen maksimum)

3. Gelde vir die lewering van water per maand, (een maand word beskou as 'n maksimum van 35 kalenderdae):

(1) Nywerhede, besighede en kantoorblokke:

Waterverbruik per maand (inkrementeel)

(a) O tot K 54c/kℓ

(b) K+1 tot 1,5K 90c/kℓ

(c) 1,5K + 1 tot 2K R1,50/kℓ

(d) meer as 2K R2,50/kℓ

(2) Woonenehede, kwekerye en inrigtings:

Waterverbruik per maand (inkrementeel)

(a) O tot K 54c/kℓ

(b) K+1 tot 1,5K 70c/kℓ

(c) 1,5K + 1 tot 2K R1,25/kℓ

(d) meer as 2K R2,00/kℓ

(3) Vir die toepassing van die gelde betaalbaar ingevolge subitems (1) en (2) beteken die uitdrukking "K" die kwota van die hoeveelheid water per maand wat aan elke verbruiker deur die Raad toegewys is.

J S DU PREEZ  
Stadsklerk

Munisipale Kantore  
Posbus 911-026  
ROSSLYN  
0200

Kennisgewingsnommer: 42/1986  
Datum van advertensie: 5 November 1986

## AKASIA TOWN COUNCIL

### AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CHARGES FOR WATER SUPPLY

In accordance with Section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby made known that the Town Council of Akasia, has, by Special Resolution, amended the determination of charges for water supply as published in Provincial Gazette 3877 of 16 October 1985, with effect from the July 1986 accounts, by the substitution for Part III of the following:

#### "PART III

#### SUPPLY OF WATER

1. Fixed charge, per year  
A fixed charge shall be levied in respect of the following:

(a) R24 ha of the South African Breweries: R323 319

(b) Every farm portion which is connected to the main:

48c per 100 m<sup>2</sup> of the farms that are connected to a maximum of 3 000 m<sup>2</sup> per farm portion.

##### 2. Basic charge, per year

(a) A basic charge shall be levied in respect of every agricultural holding, which is or in the opinion of the Council, can be connected to the main, whether water is consumed or not:

48c per 100 m<sup>2</sup> of the ground surface per month to a maximum of 3 000 m<sup>2</sup> of premises that can be connected to the scheme.

(b) A basic charge shall be levied in respect of all erven, excluding erven in Rosslyn, Rosslyn Extensions and The Orchards Erven 1 — 12 which is or in the opinion of the Council, can be

connected to the main, whether water is consumed or not:

48c per 100 m<sup>2</sup> of the ground surface per month to a maximum of 3 000 m<sup>2</sup> of premises that can be connected to the scheme.

(c) Rosslyn, Rosslyn Extensions 1 and 2 (excluding the 24 ha of SA Breweries)

A basic charge shall be levied in respect of every erf which is or in the opinion of the Council, can be connected to the main whether water is consumed or not, per ha: R1 080.

(d) A basic charge shall be levied in respect of business and residential erven which is connected or in the opinion of the Council, can be connected to the main, whether water is consumed or not:

48c per 100 m<sup>2</sup> of the ground surface per month. (No maximum)

3. Charges for the supply of water, per month, (one month being a maximum of 35 calendar days):

(1) Industries, business and offices

Water consumption per month (incremental):

(a) O to K 54c/kℓ

(b) K+1 to 1,5K 90c/kℓ

(c) 1,5K + 1 to 2K R1,50/kℓ

(d) more than 2K R2,50/kℓ

(2) Flats, nurseries and institutions:

Water consumption per month (incremental):

(a) O to K 54c/kℓ

(b) K+1 to 1,5K 70c/kℓ

(c) 1,5K + 1 to 2K R1,25/kℓ

(d) more than 2K R2,00/kℓ

(3) For the purposes of the charges payable in terms of subitems (1) and (2) The expression "K" means the quota of the quantity of water allotted per month to each consumer by the Council.

J S DU PREEZ  
Town Clerk

Municipal Offices  
PO Box 911-026  
ROSSLYN  
0200

Notice number: 42/1986  
Advertisement date: 5 November 1986

1858-5

## STADSRAAD VAN AKASIA

### VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE LE- WERING VAN VUL- LISVERWYDERINGSDIENSTE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Akasia by spesiale besluit die gelde vir die lewering van vul-lisverwyderingsdienste, soos in die Bylae hieronder uiteengesit, met ingang 1 Julie 1986, vas-gestel het.

#### BYLAE

#### TARIEF VAN GELDE

##### 1. Huishoudelike afval

Verwydering vanaf alle persele, twee maal per week, per jaar R54,00

##### 2. Spesiale verwyderings

(a) Gekompakteerde afval, per 6 m<sup>3</sup> of gedeelte daarvan R48,00

(b) Nie-gekompteerde afval, per m<sup>3</sup> of gedeelte daarvan R8,00

(c) Verwydering van slyk, per 2 000 l of ge-  
deelte daarvan R7,00

J S DU PREEZ  
Stadsklerk

Munisipale Kantore  
Posbus 911-026  
ROSSLYN  
0200  
Kennissgewingnommer: 43/86  
Datum: 5 November 1986

## TOWN COUNCIL OF AKASIA

### DETERMINATION OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF REFUSE REMOVAL SER- VICES

In terms of section 80B(8) of the Local Gov-  
ernment Ordinance, 1939, it is hereby notified  
that the Town Council of Akasia has by special  
resolution determined the charges for the supply  
of refuse removal services as set out in the  
Schedule below, with effect from 1 July 1986.

#### SCHEDULE

#### TARIFF OF CHARGES

- 1 Domestic Refuse  
Removal from all premises, twice per week,  
per annum: R54,00
- 2 Special Removals
  - (a) Compacted refuse, per 6 m<sup>3</sup> or part there-  
of: R48,00
  - (b) Non-compacted refuse, per m<sup>3</sup> or part  
thereof: R8,00
  - (c) Removal of sludge, per 2 000 l or part  
thereof: R7,00

J S DU PREEZ  
Town Clerk

Municipal Offices  
PO Box 911-026  
ROSSLYN  
0200  
Notice Number: 43/86  
Date: 5 November 1986

1859-5

## STADSRAAD VAN AKASIA

### PROKLAMERING VAN 'N PAD

Ooreenkomstig die bepalings van artikel 5 van  
die "Local Authorities Roads Ordinance", nom-  
mer 44 van 1904, soos gewysig, word bekendge-  
maak dat die Stadsraad van Akasia, Sy Edele  
die Administrateur van Transvaal, versoek het  
om die voorgestelde pad, soos nader omskryf in  
Bylae "A" hiervan, as openbare pad te prokla-  
meer.

Afskrifte van die versoekskrif en die plan wat  
daarby aangeheg is, lê ter insae gedurende nor-  
male kantoorure, by die Munisipale Kantore,  
Dalelaan, Hoewe 16, Doreg Landbouhoewes.

Enige persoon wat besware teen die prokla-  
mering van die voorgestelde pad wil opper,  
moet sy beswaar skriftelik, in tweevoud, by die  
Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak  
X437, Pretoria, 0001, en die Stadsklerk, Posbus  
911-026, Rosslyn, 0200, indien nie later nie as 19  
Dseember 1986.

J S DU PREEZ  
Stadsklerk

Posbus 911-026  
ROSSLYN  
0200  
Kennissgewingnommer: 44/1986  
Advertensiedatums: 5 November 1986  
12 November 1986  
19 November 1986

## TOWN COUNCIL OF AKASIA

### PROCLAMATION OF A ROAD

In terms of section 5 of the Local Authorities  
Road Ordinance, number 44 of 1904, as  
amended, it is hereby notified that the Town  
Council of Akasia has petitioned the Honour-  
able the Administrator to proclaim as public  
road, the road as described in the schedule here-  
to.

Copies of the petition and diagram are open  
for inspection during normal office hours at the  
Municipal Offices, Dale Avenue, Plot 16, Doreg  
Agricultural Holdings.

Any person who wishes to object against the  
proclamation of the proposed road, must lodge  
his objection in writing, in duplicate, with the  
Director of Local Government, Private Bag  
X437, Pretoria, 0001, and the Town Clerk, P O  
Box 911-026, Rosslyn, 0200, not later than 19  
December 1986.

J S DU PREEZ  
Town Clerk

P O Box 911-026  
ROSSLYN  
0200

Notice number: 44/1986  
Advertisement dates: 5 November 1986  
12 November 1986  
19 November 1986

1860-5-12-19

## STADSRAAD VAN BELFAST

### WYSIGING VAN VERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge die bepalings van  
artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Be-  
stuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad  
van Belfast van voorneme is om die Swembad-  
verordeninge te wysig, om voorsiening te maak  
vir addisionele tariewe.

Afskrifte van die besluit en verordeninge lê  
ter insae by die kantoor van die Stadsklerk,  
Stadshuis, Belfast vir 'n tydperk van veertien  
dae vanaf publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde  
aannames wens aan te teken moet dit skriftelik  
binne 14 dae na die datum van publikasie van  
hierdie kennisgewing in die Provinsiale koerant  
by ondergetekende indien.

P H T STRYDOM  
Stadsklerk

Stadshuis  
Posbus 17  
BELFAST  
1100  
22 Oktober 1986  
Kennissgewing no 16/1986

## TOWN COUNCIL OF BELFAST

### AMENDMENT OF BY-LAWS

It is hereby notified in terms of the provisions  
of section 96 of the Local Government Ordina-  
nance, 1939, that the Town Council of Belfast  
intends amending Swimmingbath By-Laws in or-  
der to provide for additional tariffs.

Copies of the resolution and by-laws are open  
for inspection at the Office of the Town Clerk  
Town Hall, Belfast for a period of fourteen days  
from date of publication hereof.

Any person who desires to record his objec-  
tion to the said amendment must do so in writing  
to the undersigned within fourteen days from  
date of publication of this notice in the Provin-  
cial Gazette.

P H T STRYDOM  
Town Clerk

Town Hall  
P O Box 17  
BELFAST  
1100  
22nd October 1986  
Notice No 16/1986

1861-5

## STADSRAAD VAN BENONI

### VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE BENONI-DORPSBEPLANNINGSKEMA NO 1 VAN 1947

Die Stadsraad van Benoni het 'n  
ontwerpdorpsbeplanningskema opgestel wat be-  
kend sal staan as Benoni Wysigingskema No  
1/364.

Hierdie skema sal 'n wysigingskema wees en  
bevat die volgende voorstelle:

"Die hersonering van sekere eiendomme wat  
aan die Raad behoort in ooreenstemming met  
die voorstelle vir die herontwikkeling van die  
Sentrale Sakegebied. Die geaffekteerde eien-  
domme is geleë in en om die Burgersentrum-  
area en word begrens deur die Burgermeester,  
Tom Jonesstraat, Elston- en Kempstonlaan en  
Voortrekkerstraat. Hierdie eiendomme is tans  
gesoneer as 'Munisipaal', 'Beperkte Besigheid',  
of 'Gereserveer vir Paddoeleindes' en die voor-  
stel is om dit te hersoneer na 'Spesiaal' vir win-  
kels, kantore en 'n hotel en sodanige ander ge-  
bruike wat toegelaat mag word met die goed-  
keuring van die Plaaslike Bestuur."

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae  
by kamer 133, Administrasie Gebou, Munisi-  
pale Kantoor, Elstonlaan, Benoni, vir 'n tyd-  
perk van vier weke vanaf die datum van die eer-  
ste publikasie van hierdie kennisgewing, naam-  
lik 1986.11.05.

Enige beswaar of versoek in verband met hier-  
die skema moet skriftelik aan die Stadsraad van  
Benoni (Privaatsak X014, Benoni) binne 'n tyd-  
perk van vier weke vanaf bogenoemde datum  
voorgelê word.

N BOTHA  
Stadsklerk

Administrasie Gebou  
Munisipale Kantore  
Elstonlaan  
BENONI  
1986/11/05

KENNISGEWING NR 159 VAN 1986  
5L-10210.1

## TOWN COUNCIL OF BENONI

### PROPOSED AMENDMENT TO THE BENO- NI TOWN-PLANNING SCHEME NO 1 OF 1947

The Town Council of Benoni has prepared a  
draft Town-planning Scheme to be known as  
Benoni Amendment Scheme No 1/364.

This scheme will be an Amendment Scheme  
and contains the following proposals:

"To rezone certain properties belonging to  
the Council in accordance with the proposals for  
the Revitalisation of the central Business Dis-  
trict. The properties affected are located in and  
about the Civic Centre Area and bounded by the  
Civic Lake, Tom Jones Street, Elston and  
Kempston Avenues and Voortrekker Street.  
These properties are either zoned 'Municipal',  
or 'Restricted Business', or 'Reserved for Road  
Purposes' at present and the proposal is to re-  
zone them to 'Special' for shops, offices and an  
hotel and such other uses as may be permitted  
with the consent of the Local Authority."

Particulars of this scheme are open for inspec-  
tion at Room 133, Administration Building, Mu-  
nicipal Offices, Elston Avenue, Benoni, for a  
period of four weeks from the date of the first  
publication of this notice, which is 1986.11.05.

Any objection or representations in connec-  
tion with this scheme shall be submitted in writ-

ing to the Town Council of Benoni (Private Bag X014, Benoni) within a period of four weeks from the abovementioned date.

N BOTHA  
Town Clerk

Administrative Building  
Municipal Offices  
Elston Avenue  
BENONI  
1986.11.05

NOTICE NO 159 OF 1986  
5L-10210

1862-5-12.

## STADSRAAD VAN BENONI

### VASSTELLING VAN TARIWE TEN OPSIGTE VAN DIE BEHEER VAN HONDE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Benoni by Spesiale Besluit die tariewe ten opsigte van die Beheer van Honde soos in die onderstaande Skedule uiteengesit, met ingang 1986.09.01, vasgestel het:

#### "1. JAARLIKSE HONDEBELASTING.

(1) Per reu of gesteriliseerde teef: R5,00

(2) Per ongestriliseerde teef: R50,00

(3) Vir elke hond meer as 4 in die geval van grond gesoneer vir landboudoeleindes, of meer as 2 in die geval van enige ander perseel, ongeag of sodanige hond 'n reu of 'n teef, of gesteriliseerd is: R50,00

### 2. DUPLIKAAT- EN OORDRAG VAN BELASTINGKWITANSIES.

(1) Vir die uitreik van 'n duplikaatbelastingkwitansie, elk: R2,00

(2) Vir die oordrag van 'n belastingkwitansie, elk: R3,00

#### 3. SKUT- EN DRYFGELDE.

(1) Skutgelde, per dag, per hond: R10,00

(2) Dryfgelde, per hond: R20,00."

N BOTHA  
Stadsklerk

Munisipale Kantore  
Administrasie Gebou  
Elstonlaan  
BENONI  
1986.11.05.

KENNISGEWING NR 162 VAN 1986  
5J-10302

## TOWN COUNCIL OF BENONI

### DETERMINATION OF TARIFFS FOR THE CONTROL OF DOGS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Town Council of Benoni has by Special Resolution determined the tariffs set out in the Schedule hereunder for the Control of Dogs with effect from 1986.09.01:

#### "1. ANNUAL DOG TAX.

(1) Per male dog or spayed bitch: R5,00

(2) Per unsplayed bitch: R50,00

(3) For every dog in excess of 4 in the case of land zoned for agricultural use, or in excess of 2 in the case of any other premises, irrespective of whether such dog is a male or a bitch, or whether it has been spayed: R50,00

### 2. DUPLICATE TAX RECEIPTS AND TRANSFER OF TAX RECEIPTS.

(1) For the issue of every duplicate tax receipt: R2,00

(2) For the transfer of every tax receipt: R3,00

#### 3. POUNDAGE AND DRIVING FEES.

(1) Poundage fees per dog per day: R10,00

(2) Driving fees per dog: R20,00."

N BOTHA  
Town Clerk

Municipal Offices  
Administration Building  
Elston Avenue  
BENONI  
1986.11.05.

NOTICE NO 162 OF 1986  
5J-10302.1

1863-5

## STADSRAAD VAN BRAKPAN

### INTREKKING VAN DIE SANITÊRE TARIEF EN VASSTELLING VAN NUWE TARIWE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Brakpan by Spesiale Besluit die sanitêre tariewe gepubliseer onder kennisgewing 135/1983 van 9 November 1983 met ingang 1 Julie 1986 ingetrek het en nuwe sanitêre tariewe vasgestel het vanaf laasgenoemde datum soos uiteengesit in die bylae.

G E SWART  
Stadsklerk

Kennisgewing No. 81/86

#### BYLAE

#### SANITÊRE TARIEF

1. Vir die doeleindes van die tarief, onder item 2 sonder om die gewone betekenis enigsins te beperk beteken —

(a) "Besigheid" 'n handels-, nywerheids- of sakeonderneming insluitend professionele kamers, kantore en afsonderlike vertoonlokale.

(b) "Kerk" 'n gebou wat ontwerp is vir gebruik of wat gebruik word vir 'n kerk, kapel, bidvertrek, bedehuis, sinagoge of ander plek vir openbare godsdienstige funksies tesame met 'n plek vir godsdienstige onderrig op dieselfde eiendom as en verbonde aan engeen van bogenoemde geboue wat bedoel is om vir gesellige bedrywighede en ontspanning gebruik te word maar nie 'n begrafniskapel of 'n pastorie nie.

(c) "Woon-eenheid" 'n onderlinge verbinde stel kamers, ontwerp vir bewoning en gebruik deur 'n enkele gesin insluitende sodanige buitegeboue en bediende-kwartiere wat gewoonlik bykomstig daartoe is.

(d) "Woonstel" 'n woon-eenheid wat deel is van 'n gebou wat twee of meer woon-eenhede bevat maar sluit nie 'n dorps- of meenthuise in nie.

(f) "Woonhuis" 'n enkele losstaande woon-eenheid en sluit in 'n skakelwoning of 'n dorps- of meenthuise hetsy dit 'n losstaande woon-eenheid of deel van 'n blok dorps- of meenthuise is.

#### 2. Verwydering van Vullis en Afval.

Vir die verwydering van vullis per verwydering per week in toegebinde plastiese sakke vanaf die sypaadje, per maand of gedeelte daarvan:

(a) Per woonhuis of per kerk: R4,00

(b) Per woonstel: R2,80

(c) Per besigheid: R8,50

(d) Per skool, provinsiale en regeringskantore en enige ander gebou of perseel waarvoor nie elders voorsiening gemaak is nie: R8,00

(e) Hostelle: Per 25 inwoners of gedeelte daarvan: R5,00

3. Vir die verwydering van die inhoud van massavullisbakke eenkeer per week, per maand: R8,00

#### 4. Verskaffing van Vullisbakke:

(a) Vir die verskaffing van vullisbakke met 'n inhoudsmaat van nagenoeg 85 liter deur die Raad per houer, per maand R0,60

(b) Vir die verskaffing van massavullisbakke van 1,75 m<sup>3</sup> en groter deur die Raad, per houer, per maand: R15,00

5. Vir spesiale verwydering van alle massavullis wat nie in houters wat deur die Raad verskaf word, geplaas is nie, vanaf persele binne die Munisipaliteit per vrag van 6 m<sup>3</sup> of gedeelte daarvan:

(a) Vanaf persele van private woonhuise wat uitsluitlik vir woondoeleindes gebruik word uitgesonderd die verwydering van grond en bourommel: R18,00

(b) Vanaf alle ander persele uitgesonderd die verwydering van grond, bourommel en nywerheidsafval: R30,00

(c) Verwydering van bourommel: R40,00

(d) Verwydering van grond en nywerheidsafval vanaf enige perseel: R60,00

6. Vir die stort van vullis by die stortterrein deur die publiek:

(a) Vir die stort van vullis met 'n voertuig met 'n dravermoe van hoogstens 1 999 kg per vrag: Gratis

(b) Vir die stort van vullis met 'n voertuig met 'n dravermoe van:

(i) Meer as 1 999 kg tot en met 4 999 kg per vrag: R15,00

(ii) Meer as 4 999 tot en met 9 999 kg, per vrag: R25,00

(iii) Meer as 9 999 kg, per vrag: R40,00

Storting by die Raad stortingsterrein word aangeslaan volgens die dravermoe wat op die voertuig aangedui word en die geregistreerde eienaar van die voertuig is gesamentlik en afsonderlik met die persoon wat die stortterrein gebruik, aanspreeklik vir die gelde gehef ingevolge item 6.

#### 7. Verwydering van Karkasse:

Vir die verwydering van karkasse, insluitende die begrawe of wegruiming daarvan, per karkas:

(a) Skape, honde en diere van soortgelyke grootte en ander kleiner diere: R3,00

(b) Beeste, perde, muile, donkies en ander diere van soortgelyke grootte: R30,00

#### 8. Verwydering van Nagvuil en Urine:

(a) Verwydering van nagvuil:

(i) Vir 'n daaglikse diens, per emmer, per maand of gedeelte daarvan: R12,00

(ii) Drie keer per week, per emmer, per maand, of gedeelte daarvan: R8,00

(b) Vir die verwydering van die inhoud van septiese- of opgaartenks, per 6,5 kl of gedeelte daarvan: R30,00

#### 9. Algemeen:

(1) Die Hoof Gesondheidsdienste mag waar dit na sy mening wenslik is, van die okkupeerder en/of eienaar of beide van enige perseel vereis om van bykomende dienste en vullisverwydering en/of nagvuilhouers gebruik te maak.

(2) Kennisgewing om enige verwyderingsdiens te eniger tyd te verminder moet

skriftelik aan die Hoof Gesondheidsdienste gegee word, drie maande voordat sodanige verminderde diens vereis word.

# TOWN COUNCIL OF BRAKPAN

## WITHDRAWAL OF THE SANITARY TARIFFS AND DETERMINATION OF NEW TARIFFS

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Brakpan has, by Special Resolution rescinded the sanitary tariff, published under notice 135/1983 dated 9 November 1983 with effect from 1 July 1986 and determined new tariffs as set out in the schedule as from the last mentioned date.

G E SWART  
Town Clerk

Notice No. 81/86

### SCHEDULE SANITARY TARIFF

1. For the purpose of the tariff under item 2, unless the context indicates otherwise —

(a) "Business" means a commercial, industrial or business undertaking including professional chambers, offices and separate showrooms.

(b) "Church" means a building which is designed or used as a church, chapel, oratory, place of worship, synagogue, or other place for public religious exercise together with a place for religious instruction on the same premises as, and combined with one or more of the above-mentioned buildings which are being used for social gatherings and recreation, but not a funeral chapel or parsonage.

(c) "Dwelling-unit" means an inter connected suite of rooms designed for occupation and usage by a single family, including such out-buildings and servant's quarters which are usually accessory thereto.

(d) "Flat" means a dwelling-unit which forms part of a building with two or more dwelling-units but does not include a townhouse.

